

1 Korintiërs 11:23-26
Wit Donderdag 2016

Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het: Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis." Net so ook het Hy na die maaltyd die beker geneem en gesê: "Hierdie beker is die nuwe verbond, wat deur my bloed beseël is. Gebruik dit, elke keer as julle daaruit drink, tot my gedagtenis." Elke keer as julle van hierdie brood eet en uit die beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.



Liewe gemeente,

die woordtjie “**vir julle**” moet vir ons altyd bybly. Met hierdie twee woorde is ons dadelik met in die verhaal betrek. Ons kan nie meer slegs toeskouers of buitelanders wees nie. “Vir jou!” beteken mos “vir my”! Ek is aangespreek. Ek is die teken van hierdie handeling. Ek is die ene vir wie al hierdie dinge gebeur het. Ek is geraak. Hoe sal jy en ek reageer?

En wanneer jy vandag weer uitgenooi word en jy kom: dan hoor hierdie woorde asof hulle vir jou persoonlik bedoel is. Hierdie is nie maar slegs nog een of ander ritueel waaraan ons in die kerk deelneem nie. Hierdie is Christus se liggaam, hier-en-nou vir my gegee. En kyk na die brood en proe aan die wyn - nie asof dit maar slegs nog een of ander spys en drank is nie, maar as iets wat vir jou persoonlik bedoel is. “Christus se liggaam - vir jou!” Christus se bloed - vir jou!”.

Nou waarom moet Paulus dit ook vir die Korintiërs beklemtoon? Ek onthou talle jare gelede toe ons nagmaal slegs elke tweede week gevier het. En ons het die mosie aan die gemeentevergadering geplaas om dit elke week te vier. Die hoofargument was dat die nagmaal eenvoudig deel is van ’n erediens soos ons in die Lutherse en Rooms Katolieke tradisie vier. Alles kulmineer en vind sy hoogtepunt in die intieme, geheimsinnige viering van die eenheid met die Here Jesus Christus. Die teenargument dat ons dit nie so dikwels behoort te vier nie was - dit verloor sy besondere smaak; dit word ’n gewoonte; ons sal dit sommer soos ’n alledaagse ritueel gebruik en die waarde gaan verlore.

Nou, dit is inderdaad ’n geldige argument.

Wanneer kinders leer om tande te borsel, dan is dit by die eerste inoefening nogal iets anders. Ons sing liedjies, klap handjies, ons ouers verduidelik mooi watter klein goggas daar op die tande groei en hulle moet verwyder word. En kinders is heel opgewonde as hulle dit reg kry. Maar ons volwassenes borsel ons tande omtrent reeds in die slaap - dis niks anders meer nie. Kan dit wees dat die Nagmaal ook só terloops gevier word dat ons selde nog notici daarvan neem? Kan dit wees dat ons Nagmaal vier sonder om enige gedagte daarop te mors wat dit vir die alledaagse lewe beteken nie?

Inderdaad was dit die geval by die Korintiërs. Hierdie brief wat Paulus skryf, korrigeer talle optredes by die gemeente. Alhoewel hulle gelowiges is, alhoewel hulle weekliks byeenkom, het daar so baie misbruike en wanpraktyke ingesluip wat Paulus noodsaak om bietjie opruimingswerk te doen. En die strategie is so maklik dat ons dit almal kan volg. Hy verwys telkens na die sentrum van die Christelike geloof - die kruisdood en opstanding van ons Here Jesus Christus.

Kom ons kyk kortliks na wat het skeefgeloop. Korint was 'n stadsgemeente met trotse lede. Daar was manne en vrouens (!) wat hoë aansien in die samelewing geniet het, wat ryk was, wat regtig presteer het. Maar daar was ook gewone mense - sekerlik soos die meeste van ons wat maar sukkel om hulle daaglikse bestaan agter mekaar te kry. En dan was daar ook slawe - mense wat vir min of geen vergoeding vir ander moes werk. Miskien het hulle een keer 'n week afgekry juis om die Christelike byeenkomste by te woon.


En in Korint was dit die gebruik om saam met die erediens ook die sogenaamde liefdesmaaltyd te vier. Ons weet nie meer presies of dit voor of na die erediens plaasgevind het nie. Ten minste het elkeen sy deel daartoe bygedra, hulle saam geëet en saam gekuier. Of het hulle?

Uit Paulus se skrywe kan ons agterkom dat dit nie die geval was nie. Ons sou vandag sê: hulle het hulle bring en braai gehad - elkeen bring sy eie eetgoed. Maar soos dit nou gebeur het, was dit nie 'n bring & share nie, maar elkeen eet wat hy/sy saamgebring het. Met ander woorde: diegene wat welvaarend was, het baie kos en drank saamgebring, en die gewone mense en slawe het omtrent niks saamgebring nie - wel, dan het hulle ook niks geëet nie. En diegene wat welvaarend was, het saamgekoek en lekker gekuier (die Griekse woord kan ook beteken dat hulle tot dronkenskap oorgegaan het), terwyl die armes eenkant moes sit en toekyk. Wel, dis nou maar hoe dit is in die samelewing, nie waar nie?

Paulus vaar uit (in my eie woorde): "Is julle nog by julle positiewe? Dink julle Korintiërs dat ek julle in hierdie opsig nog lof moet toeswaai? Dit is heeltemal verkeerd! Het julle dan vergeet waaroor dit in die gemeente van Jesus Christus gaan?"

En dan verwys Paulus na die sentrale gedagte van die Christelike geloof:

Die Here Jesus het in die nag waarin Hy oorgelewer is, brood geneem en, nadat Hy God daarvoor gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: "Dit is my liggaam; dit is vir julle. Gebruik dit tot my gedagtenis..."



Hou dit in gedagtenis: wat het gebeur ... in die nag toe Jesus Christus verrai is. Verrai, soos ons onthou, is Jesus deur Judas Iskariot. Hy was saam aan die nagmaalstafel. Maar die Pasga-maaltyd was vir Judas nie tot seën nie; ons lees dat die duiwel in Judas ingevaar het, en hy het uitgetgaan na die owerstes en was bereid om Jesus vir 30 silwer muntstukke uit te lewer.

So indirek kry ons die gevoel dat Paulus met hierdie spesifieke verwysing ook na die hooghartige Korintiërs verwys wat wel die nagmaal geniet, maar daarna hulle medebroers en - susters verrai deur hulle by die liefdesmaaltyd te ignoreer.

En deel van die gedagtenis was mos ook wat ons in die JohannesEwangelie gelees het dat Jesus die dissipels se voete gewas het - as voorbeeld hoe ons mekaar moet dien. Het Jesus sy dissipels gedien, so sal ook die dissipels onder mekaar die geringste werk doen wat hulle veronderstel is om te doen ... Maar juis dit gebeur nie in die gemeente te Korintië nie.

En die gevolge, soos Paulus later verduidelik, is katastrofaal: daar is mos reeds mense onder julle wat siek is en selfs sterf. (1 Kor 11:30) Dit is asof die Here hierdie kwaaddoenners uit die gemeenskap van gelowiges uithaal dat hulle té vroeg huis toe geneem word. Sien julle nie hoe jaloers die Here met sy gemeente te werk gaan?! God sal sy gemeente beskerm al is die kwaad midde in die gemeente!

Nou, ons sal definitief die afleiding maak dat elke siekte in die gemeente die gevolg is van die kwaad wat die Here uit sy gemeente wil verwyder nie, maar ons sien: die Nagmaal is 'n dood-ernstige aangeleentheid! Jy kan nie sommer die Nagmaal geniet, en voorts net doen-en-laat soos jou eie begeertes jou dryf nie.

Wat gebeur dan in die Nagmaal wat ons so laat verander?

1 Kor 10:15-17 *Ek spreek soos met verstandige mense; oordeel self wat ek sê: die beker van danksegging wat ons met danksegging seën, is dit nie die gemeenskap met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die gemeenskap met die liggaam van Christus nie? Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood.*

Hoor julle wat Paulus verduidelik het: die Nagmaal is die gemeenskapsmaal met Jesus Christus en die gemeenskapsmaal onderlings. Dit is hier waar die eenheid gevorm word. In Christus is julle één, een liggaam. En die gevolg is dan ook dat ons in die gemeente soos een liggaam optree! Hoe is dit dan moontlik

dat sommige hooghartige gemeentelede verdeeldheid veroorsaak deur eenkant in “clicks” aan hulle kos smeul terwyl ander met honger oë moet toekyk?! Deur sulke optrede verag julle die liggaam van Christus. In Engels heet die nagmaal *communion* - dit is ’n mooi woord wat altwee begrippe saamvat: community and unity - die klomp individu in die gemeenskap word tot ’n eenheid saamgesmelt. En as ons ’n eenheid is, laat ons dan ook die eenheid uitleef!

Julle rykes moenie dink asof julle nie baatvind by die eenheid met die armes nie. Daarom verduidelik Paulus verder wat die verskillende geestesgawes betref dat die Gees van God aan elkeen onderskeidelik gawes gegee het, sodat ons mekaar kan verryk en onderseun. Slegs as ons onself in die gemeente as ’n eenheid beskou, kan ons ook as ’n eenheid groei en ons sendingtaak aanpak. Hoe sal jy weet wat armes het as jy nie na hulle toe uitreik nie? Daarom Paulus se pleidooi: reik uit, deel julle kos met die armes en die armes sal hulle geestesgawes ook met julle deel. Dat daar orde in die hele opset moet wees, is vanselfsprekend want ons weet mos ook dat die armes net so gierig na kos kan gryp soos die rykes daaraan vasklou.

En wanneer ons aan ons Afrikaanse gemeente in Pretoria dink, dan behoort dit welliswaar telkens ook ons fokuspunt te bly: dat die belangrikste die belangrikste sal wees: die eenheid met Christus. En wanneer die eenheid met Christus daar is, dan is ons mos met mekaar verbonde, dan is ons aan mekaar toevertrou, dan dien ons ook mekaar elkeenmet die gawe wat hy/sy ontvang het.

Omgekeerd, as ons allerhande wrywing of die baie behoeftes wat ons identifiseer tot middelpunt maak, as ons slegs sou praat van finansies, van werksverdeling of die minder bevoorregtes, as probleme ons volle aandag geniet, dan verloor ons iets wat die gemeente te Korint ook destyds verloor het: naamlik die middelpunt van Jesus Christus, die eensgesindheid, die eenheid en liefde.

Vandag dink ons aan wat in daardie nag gebeur het toe Hy verraai is en die pad na die kruis gestap het. Sal ons weer vandag die eenheid vind? Vir jou ! Het Christus Homself opgeoffer. Mag God gee dat ons sal besef: Hy het ons gevind. In my en jou bereik sy liefde sy doel. Deur jou en my werk Christus se Gees kragtig wanneer ons Hom in ons opneem en ons geloof uitleef. Aan Hom gee ons alle lof en aanbidding. Amen.